LES 16 'n Tweede kans – God vergewe ons

Skrifgedeelte

Genesis 35:1-15

Benodighede:

* benodigdhede soos by eksperiment uiteengesit
* 4 Harte met verse vir kinders
* skêre
* "split pins"
* kryte of "glitter" om harte mee te versier

Inleiding:

Speletjie: 'n Nuwe begin

Baken 'n vierkantige veld af met skoene of stoele. Laat die hele groep binne die afgebakende gebied staan. Verduidelik dat almal gelyk "aan" is. Hulle moet mekaar probeer aanraak ("touch"). Sodra jy ge-"touch" is, moet jy dadelik gaan sit. Die aanbieder blaas 'n fluitjie vir die speletjie om te begin en dan later weer om te eindig. Die speletjie eindig wanneer meeste van die kinders sit. Laat almal weer in die middel staan en laat die speletjie weer begin. Elkeen kry dus 'n nuwe begin!

God het vir Jakob ook 'n nuwe begin gegee. God het hom belowe om by Hom te wees en hom te beskerm. Hy het Jakob herinner aan sy belofte wat Hy by Bet-El gemaak het. Onthou julle nog Jakob se droom by Bet-El? God roep hom nou weer terug Bet-El toe. Kom ons lees in Genesis 35 wat God van hom vra.

Skriflesing:

Genesis 35:1-3 ("Die Bybel@kinders")
God het vir Jakob gesê: "Onthou jy nog hoe jy lank terug vir jou broer Esau gevlug het? Jy het mos by Bet-El aan die slaap geraak. Daar het Ek aan jou verskyn en belowe om jou te help. Jy het belowe om geen ander gode te aanbid as Ek jou veilig terugbring na jou land toe nie en hier is jy nou. Ek wil hê jy moet na Bet-El toe gaan en daar 'n altaar vir My bou. Jakob het dadelik vir sy familie gesê: "Lank terug het God belowe om my te help. Ek het belowe om Hom alleen te aanbid. Intussen het ek sommer maklik van God vergeet."

Het dit dalk al met jou ook gebeur dat jy maklik van God vergeet het toe dit goed gegaan het? God is by ons wanneer dit goed gaan en sleg gaan, soos God by Jakob ook was. Watter dinge in ons lewe maak dat ons van God vergeet? Partykeer vergeet ons net van God as dit met ons goed gaan en ons dink ons het Hom nie meer nodig nie. Ander kere raak ons so besig met ander goed dat ons van Hom vergeet. Maar daar kan ook sonde in ons lewens wees wat maak dat ons te skaam is om met God te praat. Watter dinge maak dat jy van God vergeet? (Laat die kinders antwoord, bv. TV, "games", te besig met sport, sonde, ens.) God wil vir jou ook kom sê dat jy nie van Hom moet vergeet nie.

Kom ons kyk wat gebeur verder met Jakob:

Genesis 35:4-5 ("Die Bybel@kinders")
"Ek het belowe om Hom alleen te aanbid. Intussen het ek sommer maklik van God vergeet. Kyk net hoe baie afgodsbeeldjies is hier in ons kamp. Bring hulle vir my. Was julle en trek skoon klere aan. Ons moet na Bet-El toe gaan om 'n altaar te bou vir die God wat my al hierdie jare gehelp het." Hulle het al die afgodsbeeldjies gebring en Jakob het hulle onder 'n groot boom naby Sigem begrawe. God het Jakob nog steeds gehelp. Hy het gemaak dat die mense rondom Sigem bang was vir Jakob en sy seuns. Daarom het hulle nie probeer om Jakob-hulle te agtervolg toe hulle wegtrek nie."

Jakob het vir sy familie gesê dat hulle moet onslae raak van die goed wat hulle weghou van God af. Wat is daar in jou lewe waarvan jy ontslae moet raak om weer naby aan God te kom? Dalk is daar 'n TV-program wat jy eerder nie meer moet kyk nie. Is daar iemand wat jou kwaad gemaak het wat jy nog moet vergewe? Of het jy iemand dalk seergemaak en nog nie jammer gesê nie? Dalk sukkel jy met leuens wat jy vertel en het jy nodig om dit vir God te sê en te vra dat Hy jou help om dit nie meer te doen nie. Dalk het jy iets by iemand gevat wat jy nog moet teruggee.
Soos God vir Jakob vergewe het en 'n nuwe begin gegee het, wil God ons ook vergewe en 'n nuwe begin gee. Kom ons kyk wat gebeur as God ons vergewe:

Eksperiment

Benodigdhede:
* ½ koppie gekonsentreerde "eleven in 1" rooi koeldrank
* ½ koppie bleikmiddel (Jik)
* kruis uit spons gesny
* ½ koppie water
* 2 mengbakke

Gooi die gekonsentreerde koeldrank in 'n deurskynende bak. Meng die water en bleikmiddel in 'n aparte bak. Sit die sponskruis in die water en Jik sodat dit opgesuig kan word deur die spons. Druk die water mengsel stadig uit die kruis sodat dit by die koeldrank in die deurskynende bak gevoeg word. Sien hoe die rooi koeldrank deurskynend soos water raak.

Die tweede kans wat God vir ons gee, staan in 2 Kor 5:17 : "As iemand aan Christus behoort, dan het God daardie persoon 'n nuwe mens gemaak. Die persoon se ou lewe is verby, ja, hy het 'n nuwe lewe gekry." ("Die Bybel vir Almal")

Wanneer ons vir God vra om ons te vergewe en dit regtig bedoel, maak Hy ons skoon. Hy vat dit weg wat tussen ons en Hom staan. Hy maak ons nuwe mense. God kan ons sondes vergewe omdat Jesus vir ons sondes aan die kruis gesterf het. As God ons vergewe, voel ons sommer bly en beter. Wanneer iemand iets aan ons gedoen het wat ons seergemaak het, moet ons God se voorbeeld volg en hulle ook vergewe soos God ons vergewe.

Gebed:

Gee vir die kinders kans om stil te word en vir God te vra om hulle te vergewe vir die verkeerde dinge wat tussen hulle en God staan. Gee hulle ook kans om vir God te vra om hulle te help om ander te vergewe.

Aktiwiteit:

Lentetyd laat ons dink aan nuwe goed wat groei, bv. al die mooi bloeisels wat uitkom en die nuwe blommetjies wat groei. Ons gaan nou 'n "vergifnis-blom" maak om ons daaraan te herinner dat God ons nuwe mense maak wanneer Hy ons vergewe en dat ons ander ook moet vergewe.

Knip die vier harte uit. Versier hulle en druk 'n gaatjie in elkeen op die kolletjie aangedui. Gebruik 'n "split pin" om die harte aan mekaar vas te maak op die onderpunte van die harte. Vou die harte oop en daar het jy jou vergifnis-blom!



1 Joh 1:9

Maar as ons bely dat ons sonde gedoen het, dan kan ons seker wees dat God sal doen wat Hy belowe het en dat Hy regverdig is. Ja, Hy vergewe ons sondes en Hy reinig ons van alles wat ons verkeerd ge-doen het.

Matteus 6:14

Wanneer ander mense verkeerd doen teen julle, dan moet julle hulle vergewe. Dan sal julle Vader in die hemel julle ook vergewe.

Efesiërs 4:32

Julle moet vriendelik wees met mekaar. Julle moet omgee vir mekaar en julle moet mekaar help. Christus het gesterf en God het julle vergewe. Daarom moet julle mekaar ook so vergewe.

2 Korintiërs 5:17

As iemand aan Christus behoort, dan het God daardie persoon 'n nuwe mens gemaak. Die persoon se ou lewe is verby, ja, hy het 'n nuwe lewe gekry.